

WIE IS REGTIG HONGER?

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN COMPUTUS BESTUURSBURO

Die grondhervormingsplan van die minister van Landelike ontwikkeling en Grondhervorming, waarmee hy 50% van kommersiële boerderye aan plaaswerkers wil gee, het van meet af aan tromp op in 'n sterk stormwind gevaar. Dié plan sal na alle waarskynlik niks meer as 'n plan bly nie maar enkele aspekte pla tog daar rondom: eerstens is dit kommerwekkend dat iemand midde-in die departement so 'n plan op papier kan sit en dat die minister dit goed dink om so 'n verslag te publiseer en tweedens, maar waarskynlik die meer kommerwekkende een, is die feit dat die minister bereid is om met voedselsekuriteit te dobbel omdat daar na bewering mense is wat honger vir grond is.

Werksmag

Tabel 1 toon die belangrikste arbeidsaanduiders vir die afgelope tien jaar aan. In 2004 het die totale bevolking van Suid-Afrika uit 46.6 miljoen mense bestaan. Hiervan was 29.1 miljoen of oud genoeg of nog jonk genoeg om te kan werk waarvan 15.9 miljoen nie gestudeer het of nie fisies geskik was om te kan werk nie. Slegs 12.3 miljoen van die beskikbare werksmag het wel werk gehad terwyl 3.7 miljoen werkloos was.

In 2013 het die totale bevolking tot 53 miljoen aangegroei waarvan 14 miljoen in diens geneem was en 4.6 miljoen sonder werk gesit het. Die beskikbare werksmag het in 2013 54% van die totale bevolking beloop terwyl dit 55% in 2004 was. Die werklooses beloop huidig 25% van dié wat kan werk terwyl dit 23% in 2004 beloop het.

Verstedeliking

Volgens 'n onlangse opname van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (SAIRR) woon ongeveer twee derdes van Suid-Afrika se bevolking nou in stede. Dit het van 52% in 1990 tot 62% in 2011 toegeneem wat beteken dat die bevolking van die platteland van 48% tot 38% oor dieselfde tydperk afgeneem het. Die SAIRR skryf hierdie tendens toe aan die feit dat dit in die post apartheid era vir mense makliker is om van die platteland na stede te skuif en dat die hoër ekonomiese groei in stedelike gebiede meer werk skep wat mense daarheen lok.

Die SAIRR voer ook aan dat kleiner stede, soos Polokwane, Rustenburg, Vanderbijlpark, Nelspruit en Ekurhuleni vinniger groei as die groot stede soos Pretoria, Johannesburg, Durban en Kaapstad. Die totale verstedeliking vind teen 'n tempo van ongeveer 1.4% per jaar plaas.

Boerderye

Terwyl die bevolking groei en al meer mense na die stede trek, vind die teendeel op plaasvlak plaas. Landbougrond word net minder en nie meer nie en die rede is tweevoudig: eerstens moet plase rondom die groterwordende stede vir huisvesting ingeboet word maar tweedens moet al meer plase opgeoffer word om aan Suid-Afrika se groeiende energie- en hulpbronvereistes te voldoen.

Die Buro vir Voedsel en Landboubeleid (BVLB) voer aan dat Suid-Afrika 1.5% hoë potensiaal landbougrond het waarvan 46.4% in Mpumalanga geleë is. Tans is 12% daarvan reeds deur koolmyne opgeneem en 14% onder prospektering. Dit is 26%, oftewel 225 217 ha, wat vir landbou verlore raak. As daar vir die argument aanvaar word dat mielies daarop verbou word, kan soveel as 1 miljoen ton mielies per jaar hierdeur verloor word. Dr Ferdi Meyer, direkteur van BVLB, is van mening dat in Noord-Wes, Mpumalanga en Limpopo die landbou die meeste deur mynbou bedreig word en sê dat hektare onder gewasse aanhoudend sal afneem namate mynbou-aktiwiteite hier toeneem.

Selfs in die Noord-Kaap word beweer dat die area rondom Kuruman, Kathu en Postmasburg binnekort soos die Vaaldriehoek kan lyk soos wat mynbou daar toeneem. Hoewel die proporsionele grond wat hier verlore gaan dalk nie so groot impak het nie, kan die kompetisie om water dieselfde impak op landbouproduksie hê as in die ander gemelde provinsies. Die impak van skaliegasontginning in die Karoo kan vir eers uit die debat gehou word maar die gevolge van mynbou, tesame met verstedeliking, lei noodwendig tot 1n verlies aan landbouproduksie.

Volgens die *National Agricultural Statistics Service* het mielie-opbrengste in die VSA van 72.4 skepels (*bushels*) per akker tot 154.3 skepels per akker vanaf 1970 tot 2010 toegeneem. Dit is 1n saamgestelde groei van 1.9% per jaar wat beteken dat landbougrond in die algemeen ongeveer 2% per jaar meer produktief geword het. Daar kan met 1n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat dieselfde tendens in Suid-Afrika ook weerspieel sal word want die tegnologiese vooruitgang wat in die VSA ontwikkel word spoel redelik vinnig na die res van die wêreld oor. Wat egter wel kommerwekkend vir die huidige regering moet wees is dat Suid-Afrika vinniger produktiewe landbougrond verloor as wat met die tegnologiese vooruitgang opgemaak kan word.

Volgens die Departements van Landbou, Bosbou en Visserye, was daar 86.2 miljoen hektaar in 1991 vir kommersiële landbou gebruik. Dit het in 1996 (laaste beskikbare syfer) tot 82.2 miljoen hektaar (met ongeveer 4 miljoen) afgeneem. Die aantal boerdery-eenhede het sedert 1993 van 57 980 tot 39 966 in 2007 afgeneem. Inligting vir 2014 is nog nie beskikbaar nie maar teen hierdie tempo kan die aantal boerdery-eenhede tans op 35 000 te staan kom.

Die toekoms

Suid-Afrika se bevolking neem oor die bestek van 10 jaar met ongeveer 15% toe. Teen hierdie tempo sal die bevolking tien jaar van nou af ongeveer 60 miljoen beloop terwyl dit oor 20 jaar, in 2033, 1n kommerwekkende 70 miljoen sal beloop. Die gevolge hiervan behoort vir die minister van Landelike ontwikkeling en Grondhervorming van veel groter belang te wees as om van 700 000 plaaswerkers kommunale boere op ongeveer 40 miljoen hektaar se

produktiewe landbougrond te wil maak. Tabel 2 bevat projeksies oor wat die gevolge van die toename in die bevolking van Suid-Afrika in 2033 kan inhou.

Teen die huidige tempo van verstedeliking sal 52.6 miljoen Suid-Afrikaners in 2033 in stede bly. Teen dieselfde toename sal 25 miljoen van die bevolking ñ werk hê, mits ons 4.7 miljoen werksgeleenthede teen ongeveer 240 000 nuwe poste per jaar kan skep. Tans word gemiddeld slegs 170 000 bykomende werksgeleenthede per jaar geskep maar selfs al kan ons die onmoontlike regkry, sal daar steeds 6.2 miljoen werklose mense in 2033 wees terwyl 20.9 miljoen mense dan van regeringstoelaes afhanklik sal wees.

Daar is huidig ongeveer 82.2 miljoen hektaar se kommersiële landbougrond beskikbaar wat beteken dat daar vir elke lid van die bevolking 1.6 hektaar beskikbaar is vir voedsel- of veselproduksie. Indien die bevolking in 2033 tot 70.1 miljoen toeneem en daar is ñ verdere afname van 5 miljoen hektaar landbougrond oor hierdie tydperk, is daar slegs 1.1 hektaar kommersiële landbougrond per lid van die bevolking beskikbaar om aan sy voedsel- en veselbehoefte te kan voldoen.

Suid-Afrika voer ongeveer die helfte van die bevolking se voedsel- en veselbehoefte in. Vir die ander helfte sorg die ongeveer 35 000 boere elkeen vir 1 520 lede van die bevolking terwyl dit tot 2 010 lede per boer in die jaar 2033 kan verhoog. Sou die aantal boere egter teen die huidige tempo tot ñ geprojekteerde 20 182 in 2033 afneem, sal elke boer dan vir 3 742 lede van die bevolking moet sorg.

Die skrif aan die muur is baie duidelik: die regering gaan sy hande vol hê om te sorg dat die groeiende bevolking werk kry terwyl sy gedurige ideologiese getorring aan grondhervorming die verskaffing van voedsel aan ñ bevolking van 70 miljoen, waarvan 52.6 miljoen oor 20 jaar in die stede gaan bly, ernstig in die gedrang kan bring. Kommunale boere produseer nie genoeg surplus om hulleself en hierdie groot aantal mense in die stede te voed nie en die land het nie genoeg geld om voedsel en vesel in te voer om aan die bevolking se totale behoeftes te voldoen nie. Die regering kan dit vir homself baie makliker maak deur kommersiële boere die geleentheid te gun om produktief op ñ kleinerwordende area te bly boer, ongeag hulle velkleur. Staak dus die sinnelose emosionele spekulasies met ideologieë wat baie meer mense honger vir voedsel gaan laat as dié wat honger vir grond is!

TABEL 1: BELANGRIKSTE ARBEIDSAANDUIDERS

	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	2011	2012	2013
	Miljoen	Miljoen	Miljoen	Miljoen	Miljoen	Miljoen	Miljoen	Miljoen	Miljoen	Miljoen
Bevolking	46.6	46.9	47.4	47.9	48.7	49.3	50.0	50.6	51.8	53.0
Werkbare ouderdom	29.1	29.6	30.0	30.4	31.8	32.4	33.0	33.6	34.2	34.8
Werksmag	15.9	17.0	17.5	17.2	18.0	17.4	17.4	17.8	18.3	18.6
In diens	12.3	13.0	13.6	13.6	13.8	13.1	13.0	13.3	13.6	14.0
Werkloos	3.7	4.0	3.9	3.6	4.2	4.2	4.4	4.4	4.7	4.6
Werkbaar/Bevolking	62%	63%	63%	64%	65%	66%	66%	66%	66%	66%
Werksmag/Werkbaar	55%	58%	58%	57%	57%	54%	53%	53%	54%	54%
In diens/Werkbaar	42%	44%	45%	45%	43%	41%	39%	40%	40%	40%
Werkloos/Werksmag	23%	23%	22%	21%	23%	24%	25%	25%	25%	25%

Bron: Statistiek SA

TABEL 2: BEVOLINGS- EN LANDBOUPROJEKSIES

	Eenheid	2013		2033	
		Aantal	%	Aantal	%
Bevolking	Miljoen	53.0	100%	70.1	100%
Verstedelik	Miljoen	33	62%	52.6	75%
Werkbare ouderdom	Miljoen	34.8	66%	46.7	67%
Werksmag	Miljoen	18.6	35%	25.0	36%
In diens	Miljoen	14.0	26%	18.8	27%
Werkloos	Miljoen	4.6	25%	6.2	25%
Afhanklik van toelaes	Miljoen	15.8	30%	20.9	30%
Aantal boerdery-eenhede	-	34861	0.07%	20182	0.03%
Bevolking/huidige boerdery-eenheid	-	1520	-	2010	-
Bevolking/geprojekteerde boerdery-eenheid	-	-	-	3472	-
Totale landbou hektare	Miljoen	100.7	-	95.7	-
- Kommersiëel	Miljoen	82.2	-	77.2	-
- Opkomend	Miljoen	14.5	-	14.5	-
Kommersiële hektare/bevolking	-	1.6	-	1.1	-